
# Fynbos

E-nuusbrief van SAWA Klein-Karoo Streek




## Kersuitgawe: 2019

## Inhoud

1. 'n Woord van die Voorsitter

2. Kampjoernaal
   - Kango Bergoord AJV
   - Island Lake Senior Saamtrek
   - Lake Pleasant Nasionale Saamtrek
   - Pine Creek Kerskamp

3. "Kersvees" – Opstel van 'n laerskool leerder

4. Nuus-in-Kort:
   - Gholfhemde
   - Komende Saamtrekke
   - Terugvoer: NUB-vergadering 9 November 2019
   - 2020 SAWA Jaarprogram
   - Jaareindtoer 2020
5. Stiltetyd: Wat is jou Kerswens?

**‘n Woord van die Voorsitter**

Klein-Karoo-Sawanante,

Hierdie is die eerste Fynbos na ‘n hele paar jaar se stilte. Die Bestuur het besluit dat ons dit kwartaalliks die lig gaan laat sien en slegs elektronies publiseer om koste te spaar en tred te hou met ontwikkelings. Vireers hou ons dit kort en beoog om dit mettertyd sy eie karakter te laat aanneem. Lede moet asseblief die vrymoedigheid neem om voorstelle ter verbetering te maak en bydraes in te stuur.

Hierdie jaar het weer sy kwota Sawa-herinneringe opgelewer. Elkeen van die tien kampe, van Victoriabaai in Januarie tot Pine Creek in November was spesiaal. Nuwe vriendskapsbande is gesmee en oues hernu.

Die nuwe Bestuur het gedurende die naweek van 18 tot 20 Oktober 2019 ‘n uiters suksesvolle Bestuurskamp in Heroldsbaai gehou. Die Saterdag het ons in ‘n werkswinkel die SAWA-grondwet en die Administratiewe Reëls deurgegaan en mekaar aan die verantwoordelikhede van elke persoon herinner. Ons het ook beplanning vir die jaar gedoen rondom die Marktafel, Honderd-Plus en Gebiedskamp wat in die eerste helfte van 2020 plaasvind. Ons was dit eens dat ons uitsien na die uitdagings wat die jaar gaan bring.

Een van ons eerste verpligtinge was om die SAWA Kongres van 7 tot 9 September 2019 by te woon. Dit was my en Estè se eerste kongres en ons was oorweldig deur die gemoedelike gees wat daar geheers het en die erns waarmee almal die SAWA-saak bevorder. Besonderhede van die kongres is op SAWA se webblad, en daarom herhaal ek dit nie hier nie. Die nuwe President van SAWA, Jurie Dreyer is verkies en ingehuldig. Relatief klein veranderings is aan die Grrondwet en die Administratiewe Reëls is aangebring wat betref die berging van argiewe.

Een van ons lede, en uittredende Gebiedsvoorsitter, Willem Nel, is vereer met onder andere die hoogste toekenning in SAWA, die Nasionale Ere-Toekenning Hoër Graad. Baie geluk, Willem, ons is bevoorreg om ‘n Sawanant van jou kaliber in ons geledere te hê!

Stil-stil en te gou het die jaar 2019 verbygegaan en ons staan met Kersfees en Nuwejaar voor die deur. Namens die Bestuur wens ons elke lid en hulle gesinne seën en vrede op Kersdag en dat dit sal voortduur in 2020. Ons sien uit na die uitdagings wat die jaar inhou en om dit te deel met ons SAWA vriende.

Johan Roux
Voorsitter

## Kampjoernaal

**AUGUSTUS 2019: ALGEMENE JAARVERGADERING**

Hierdie jaar se AJV-saamtrek is by Kango Bergoord naby Oudtshoorn gehou.
Die kamp was goed ingerig maar almal was onder die indruk van die knellende droogte in die gebied.
Tydens die AJV is die volgende Bestuurslede verkies:



Voorsitter : Johan Roux
Onder Voorsitter: Gawie van der Westhuizen
Sekretaris: Estè Roux
Tesourier: Carl Labuschagne
Senior Verteenwoordiger: Attie Jonker
Omdat daar nog vakatures op die Bestuur was, het die Bestuur twee lede gekoöpteer:
Skakelbeampte: Ina van der Westhuizen
Redakteur en Funksie-koordineerder: Santie Duits.



Die volgende toekennings vir 2019 is gemaak:
2019 Sawa-man van die jaar: Willem Nel
2019 Sawa-vrou van die jaar: Alet Nel
2019 Sawa-gesin van die jaar: Johan en Estè Roux
2019 Sawa geesteskepper: Hennie den Boestert
Sawa-jeug : Word nie toegeken nie

Thinus van Rensburg het die vergadering bewus gemaak daarvan dat daar weens die droogte ŉ behoefte bestaan om die boere van Volmoed te help. Die vergadering het besluit om die kerkbydrae van die jaar vir hierdie doel te skenk. Sawanante het nog spesiale bydraes gemaak en daar is die naweek R4,800 ingesamel. Thinus en Maryke het die geld gebruik om aan 48 gesinne kospakkies te voorsien wat met groot dankbaarheid ontvang is.
Saterdagaand tydens 'n smaakvolle funksie het 'n spesiale toneelgeselskap ons trakteer op 'n puik opvoering. Daar is heerlik gelag, saamgekuier en -geëet.
Ons waardeer dit dat verteenwoordgers van Oos-Kaap en Strelitzia ons AJV bygewoon het en ons ondersteun het.Die goeie verhoudings en samewerking in die gebied is werklik iets om te beleef.
Baie dankie aan die uittredende Klein Karoo bestuur vir 'n heerlike naweek en goed georganiseerde AJV en dinee.
Ongelukkig het Willem Nel na die naweek oppad huistoe hul "bragbord" met al hul plaatjies verloor. Ons is jammer vir die skade.



Ons AJV-saamtrek uit 'n ander hoek

**SEPTEMBER 2019: ISLAND LAKE**

10 Woonwaens kamp heerlik langs die meer.
Hierdie was ŉ Senior saamtrek naweek en daarom speel ons Vrydag oggend Bingo wat 'n aktiwiteit is wat altyd deur een en almal geniet word.
Carl en Ria reël die aktiwiteit en daar is ook vir elke wenner 'n soet geskenkie.
Met die vakansie dag word die naweek gerek en kuier Sawanate saam om koffietafels en braaivleisvure . Sondagmiddag maak Ina ŉ groot bak vrugteslaai en met roomys en ons geniet dit en die saam kuier terdeê. Martin neem van die kampeerders op 'n "sunset cruise" op die water tot groot vreugde van almal. Jammer die brandstof het opgeraak en toe moes daar geroei word.
Pieter en Joey Endeman, asook Dries en Ansa Bruyns kamp na 'n lang afwesigheid ook weer saam. Almal het hulle gemis en dit was lekker om hulle weer saam met ons te hê. Dries se woonwa-yskas het so lank nie gewerk dat dit besluit het om op te pak en vervang moes word.
Na 'n heerlike laaaaang naweek word daar gegroet en huistoe vertrek.

Ons maak gereed om Bingo te speel



**OKTOBER 2019: LAKE PLEASANT**

**SAWA WORD 50**

Almal het weer in 'n kring gekamp en heerlik saam gebraai en geselsies aangeknoop.
Saterdag oggend gaan die kampeerders na die Sedgefield-boeremark om deur die stalletjies te stap en ontbyt te nuttig.
Gedurende die dag word die skerms opgestel vir die "live streaming" vanaf 20h00 die aand waar Sawanante van oor die hele land met mekaar kan gesels en verjaardag boodskappe te stuur. Alhoewel ons nie baie sukses gehad het met die interaksie nie, was ons tog saam en het dit nie afbreuk gedoen aan ons saambraai van die heerlike vleispakkies wat geskenk is nie. 'n Eerste vir baie en 'n baie interessante ondervinding.
Sondag oggend na die erediens lag ons weer saam oor elkeen van die naweek se blapse.



Die vure word solank aangesteek tot die uitsending van die feesboodskap begin.

**NOVEMBER 2019: PINE CREEK**

**KERS AFSLUITING**

Die naweek het 17 woonwaens saamgetrek om te kamp en was dit heerlik om so 'n groot groep bymekaar te sien.

Daar is weereens gekuier, gelag, saam gebraai en die naweek heerlik ontspan voor die Kersseisoen aanbreek en baie van ons huise vol gaan wees van gaste, vriende, kinders en kleinkinders om saam te kuier en fees te vier.

Saterdagmiddag, terwyl die dames besig was met voorbereiding vir die kersete, het die manne gazebo's staan gemaak en windskerms opgeslaan om die ergste byt uit die koel seebriesie te haal.

Na boekevat is die vure aangesteek, en die finale versierings van die lang feestafel aangebring. Uiteindelik kon almal aansit. Die gesellige samesyn het eers laataand tot 'n einde gekom.

Anders as vorige jare, het ons in plaas daarvan om geskenkies onder mekaar uit te ruil, 'elkeen 'n bydrae gemaak van bruikbare geskenkies of kontant om toiletware te koop vir die behoeftige inwoners van twee aftreeoorde om die Feestyd ook vir hul 'n tyd om te onthou te maak. Dankie aan elkeen se bydrae. Wees verseker daar is baie bejaardes se harte bly gemaak is met die gebaar.

Dankie aan die twee organiseerders van die geleentheid. Santie en Ina, en al die dames wat gesorg het vir die heerlike pap en sous, slaaie, om nie van die heerlike nagereg , vla en roomys en die lekkergoed pakkies te praat nie.  Wees verseker een en almal het dit terdeë geniet.

Sondag het Attie Jonker die diens gelei ons het elkeen 'n boodskap gekry om saam te neem huistoe. Dankie Attie.

Soos ons al gewoond is, is Sondagoggend eers weer boetes betaal vir al die flaters gemaak deur die naweek en is daar weereens heerlik gelag.

Daarna is daar soos gebruiklike eetgoed uitgebring en die tafels het gekreun onder die heerlike verversings.

Almal het huiswaarts gekeer met 'n herinnering van nog 'n kamp saam met goeie vriende en ons Sawa familie.



Almal sit aan by die langtafel vir die kersete

**Kersvees**

*(Opstel geskryf deur 'n laerskool leerling)*

Kersvees is die moiste tyt van die jaar. Die meeste mense het dan vekansie, ek ook. Ons het ook 'n krip in die sitkammer, wat Pa drie weeke voor kersvees daar ingebring het en ek en my klyn sissie kan ook help.

Baie krippe is vevelig maar nie ons sin nie want daar is baie oulike figiere daar in.

Ek het eenkeer vir Josif en liwe Jesus op die stoof gesit dat hille nie kout kry nie toe was dit te warm. Liwe Jesus het swart geword en Josif het ytmekaar gebars, een van sy foete het in die deeg in geskiet en dit was nie 'n mooi gesig nie. Ma was baie kwaat en gese dat nie eens hyliges beskerm wor deer my domgeit nie. As Maria so sonder man en kind rondstaan lyk die nie goet nie. Maar ek het gelikkag baie figiere in my speelgoedboks en nou is Josif Donald Duck. Vir liwe Jesus wou ek vir Asterix vat omdat hy die enigste een is wat so klyn is dat hy in die voerbak kan pas maar Ma het gese dat liwe Jesus tog nie Asterix kan wees nie dan liewer verbrant is beter. Nou is liwe Jesus swart maar nog steets liwe Jesus. Agter liwe Jesus staam twee osse 'n esel. 'n seekoei en 'n brontosauris.

Die seekoei en die brontosauris het ek self daar ingesit want die osse en die esel het so aleenag glyk. Lings van die stal kom nou net die drie wyse manne in. Een van die wyse manne het laas kersvees geval toe Pa hom wou skoonmaak nou is hy heeltemal stikkend. Nou het ons net twee wyse manne en 'n wyse Batman.

Gewoonlik het die wyse manne baie giskenke vir liwe Jesus soos gout, wierrook en pirpir of so iets. Ons sin het in plaat van gout 'n sygstokkiepapierkie wat so mooi blink. Die nader ene het prymtwak in sy hant omdat ons nie wierrook het nie, maar die prymtwak maak ook roos as mens dit aansteek. Die wyse batman net 'n pistool. Dit is nie eintlik 'n goeie geskenk vir liwe Jesus nie maar daarmee kan hy hom teen die bronosauris beskerm. agter die drie wyse manne is 'n paar roohuid indiane en 'n glasengel. Een van die engel se voete is afgebreek, daarom sit hy op 'n moterviets sodat dit maiklikker is vir hom. Nou kan hy met die moterviets ry as hy nie lis is vir vlieg nie. Regs van die stal het ons vir rooikappie gesit. Sy het 'n pizza en drie kaasels(dis nou die bier wat Pa altyd drink} vir ouma saamgebring. Ek het nie meer 'n wolf nie, nou loer daar 'n ninja tirtel agter die boom yt in die wolf se plek.

Daar is nie nog goet in die krip nie, want Ma het gese dis nou genoeg. In die aant sit ons die lig aan dan lyk die krip eers regtig moi. Ons sit om die krip en sing kersveesliekies. Pety is baie moi maar die meeste is sommer vervelig. As 'n mens weer sien is kersvees verby en sommer die jaar ook.

Die giskenke is ytgepak en mens kry niks voor paasvees nie behalwe as jy voor die tyd verjaar.

Maar een ding is verseker, Kersvees kom altyd weer!

## Nuus in Kort

### Gholfhemde

Die Bestuur het tydens die bestuurskamp besluit om ‘n voorstel aan die lede voor te lê oor die aankoop van eenvormige gholfhemde. Die voorstel is eenparig aanvaar tydens die saamtrek by Lake pleasant in Oktober 2019. By die November 2019 saamtrek is daar besluit, deur middel van ‘n stemming, op die kleur “Surf Blue”. Lede wat nog wil bestel, moet asseblief so gou moontlik met Gawie van der Westhuizen in verbinding tree.

### Komende Saamtrekke

Die eerste vier saamtrekke vir 2020 is soos volg:

| | |
|---|---|
| 17 tot 19 Januarie | Victoriabaai |
| 21 tot 23Februarie (Marktafel) | Die Punt |
| 20 tot 22 Maart (100+) | Woodbourne, Knysna |
| 9 tot 12 April (Gebiedskamp) | Pine Creek |

### Terugvoer uit die NUB -vergadering van 9 November 2019

- Die NUB het goedkeuring verleen vir die stig van ’n satelliet streek in Oos-Londen.
- Die NUB het besluit om by die 2020 Kongres goedkeuring te vra om SAWA se Administratiewe Reëls en Aanbevelings asook die Grondwet te herskryf
- SAWA klere beskikbaar by Hoofkantoor en lede word aangemoedig om bestellings te plaas.
- Die tema tydens die SAWA-jaar is “My SAWA”. Elkeen van ons moet dit positief uitdra binne en buite SAWA.
- Die volgende NUB vergadering is op Saterdag, 08 Februarie 2020. Lede is welkom om deur hul streekbesture insette vir die Gebiedsvoorsitter te gee.

### 2020 SAWA Jaarprogram

Die SAWA Jaarprogram vir 2020 is nou beskikbaar op die SAWA webwerf, [http://www.sawa.org.za/](http://www.sawa.org.za/)

### Jaareindtoer 2020

Willem Nel beplan Suid-Kaap toer met die kus af vanaf 23 Augustus 2020 tot 4 September 2020, soos by die AJV besluit. Die voorlopige toerprogram sal by die Janurievergadering van die Bestuur oorweeg word. Lede kan nou reeds regmaak vir ‘n interessante ondervinding en ‘n toer met baie pret.

**Stiltetyd**

**WAT IS JOU KERSWENS?**

Lees jy ook graag die tydskrifartikels waarin televisiepersoonlikhede en ander bekendes vertel wat hulle graag vir Kersfees wil hê. Sommige begeer Jaguar-motors, ander vrede is ons land. En Jy? Wens jy dalk die hele gesin kan vir die dag saam wees? Dat dit 'n jaar van oorwinning sal wees? Dat daar iewers 'n onverwagte tjekkie sal realiseer?

Eeue gelede het iemand 'n wens gewens wat vandag nog sinvol is. Om die waarheid te sê, dis die enigste Kersfeeswens, die enigste Nuwejaarswens, die enigste verjaarsdagwens wat nooit sal verouder nie – EN vir elke mens wat dit wens, vervul kan word.

In Fil 3: 10-11 wens Paulus:

***"Al wat ek wens, is om CHRISTUS TE KEN, die krag van Sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood……"*** (Lees self verder)

Sou die wens vir ons ook sinvol kan wees?

Al wat ek wens… **IS OM CHRISTUS TE KEN**. Let wel, nie van Hom WEET nie, nie om van Hom kennis neem nie, maar om in 'n innige en persoonlike verhouding met hom te staan. As ek hom KEN, ken ek Sy Liefde en genade vir my al is daar soveel mislukkings in my lewe. As ek hom ken, ken ek die rots wanneer die stormwind huil, ek ken die Een wat die storm stil maak. En die Een wat my nooit sal verwerp nie. Ek ken die Lig, die Weg na die hemel, die Waarheid, die Lewe, die Goeie Herder, die Ware Wynstok, die Brood van die Lewe.

Al wat ek wens … is om **DIE KRAG VAN SY OPSTANDING TE ONDERVIND**. Nie net vaagweg weet dat Jesus 2000 jaar gelede uit die dood opgestaan het nie. Nee ek wil weet dat ek 'n lewende Here dien wat omgee vir my aardse lewe. Dit is om te weet dat die lewende Here my kan help om my swakheid en sonde te oorwin. Dit is om te weet dat die dood nie die einde is nie. En dis om te weet dat wanneer ek die dag sterf, die lewende Here in die donker dieptes met my sal wees.

Al wat ek wens… **IS OM DEEL TE Hê AAN SY LYDING…. EN OPSTANDING UIT DIE DOOD**. Dis 'n moeilik verstaanbare wens maar dit beteken dat Paulus wens dat hy wanneer hy swaarkry, nie verder van God sal wegdryf nie, maar juis nader aan Hom sal kom. Dit beteken dat hy graag hier op aarde getrou aan sy Here wil wees wanneer hy swaarkry en na die dood saam met Hom sal leef.

Ek dink dit is die wonderlikste Kersfeeswens wat ek nog gelees het., Want hiervoor is jy en ek gebore : Dat hierdie gebed in ons lewens vervul sal word. Dit kan in jou lewe vervul word : vra God ernstig daarvoor.

Hy SAL dit vir jou gee!

*(Bron onbekend)*